

22 APRIL

**SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 12:29-40
FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 12:31, 32; ROMEINE 9:17, 18**

Die Here God verhard wie Hy wil (op sy tyd) en toon in sulkes sy krag

Die hardvotige Egiptenaars sowel as hul teësinnige, verharde koning Farao, moes “ingebreek” word. Hier word beklemtoon dat God God is. As God uit die geledere van al die sondaars één mens, naamlik Farao, diensbaar maak deur hom vir 'n spesiale doel te verhard, raak en bly dit kritiek belangrik dat mense die reg en vrymag van God erken. Hy kon en kan enige van ons sondaars vir hierdie doel gebruik.

Die middernagrand van die dood van die eersgeborenes van Farao en sy Egiptenaarsvolk en hul diere, het die Egiptenare geruk, geskud en laat ontspoor uit hul verharde koers. In dieselfde nag gee Farao weer opdragte as 'n hoë, aardse koning. Nou word hy egter gedwing om die teenoorgestelde te doen van wat hy wil. Nou gee hy nie meer bevele om die Israeliete as slawe onderdruk te hou nie. Inteendeel, nou is dit bevele om van hulle ontslae te raak. Sy bevelswense is die volgende vier:

- Die leiers, Moses en Aäron, saam met al die Israeliete, moes wegtrek. Farao wil dat hulle onder sy volk uit wegkom.
- Hulle mag en moet die Here gaan dien soos hulle gevra het.
- Ooreenkomstig hul vroeëre versoek, moet hulle kleinvee en grootvee saamneem.
- Farao dring ook aan op seën. Hulle moet bid dat dit met hom sal goed gaan.

Die bloed van paaslammers teen die deurkossyne het die Here by die Israeliete se huise laat verbygaan om hul eersgeborenes te spaar. Ons Paaslam, Jesus Christus, se bloed laat ons ontkom aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel (NGB, art. 34). Die doop is die teken dat ons van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder is. Onthou jou opdrag om die Here God te erken, sy getuie te wees en om te bid dat ons God in sy krag mense sal omkeer na sy wil.

Ds Jan Carel Erasmus (Zeerust)